Notule van die Brunaly Park Algemene Jaar Vergadering
Datum: 2018-10-10
Tyd: 18:30
Plek: Lewende Woord Kapel

Verwelkoming:
Die voorsitter het die gemeenskap verwelkom en almal bedank wat die moeite gedoen het om die Algemene Jaar Vergadering (AJV) by te woon.

Vorige notule:
Die vorige jaar se notule is voorgehou vir aanvaarding deur die vergadering en is aanvaar.

Projek Oorsig:
Daar is oorsigtelik gekyk na die projek en wat dit alles behels:
- Area: Die gebied wat deur die Brunaly Park projek gedek word.
- Doel en Mandaat: Die doel van veiligheid en sekuriteit vir die inwoders van die gebied.
- Direkteurs: Die direkteurs wat die afgelope jaar betrokke was by die bestuur van die projek.
- Bedanking: 4 Van die direkteurs het bedank, Micha Klopper, Fanie van der Waldt, Celeste Wolfaard, Adriaan Pretorius. Marcus Nordan bly egter aan op die direksie.

Kommunikasie:
Daar is vlugtig gekyk na al die manier waarop daar kommunikasie met die gemeenskap plaasvind:
- Webwerf
- RadioNet
- WhatsApp Groepe
    - Bemarking
    - Noodgevalle
    - Lief & leed
- Noodnommers

Daar is ook weereens vir die gemeenskap gevra om nie die WhatsApp groepe te misbruik nie en om beleefd teenoor mekaar op te tree. Die doel is dat ons met ons vinnige pas van lewe steeds met mekaar kontak kan hou in sover dit ons as gemeenskap help.

Aangaande die RadioNet:
Die herleier vir die RadioNet is teen die koppie op die de Haas gesin se erf. Die mense is besig om te verhuis en die toegang tot die herleier sowel as die nuwe eienaars se gesindheid teenoor die projek is onbekend. Daar was 'n vraag of dit nog 'n doel dien veral met die beskikbaarheid van die WhatsApp en as in ag geneem word dat die aantal mense wat gereeld reageer op die RadioNet besig is om af te neem. Celeste het daarop gewys dat WhatsApp groepe nie 'n goeie plaasvervanger is vir die radios in 'n geval van nood waar daar vinnig opgetree moet word nie. Die gemeenskap is gevra om met 'n wys van hande aan te toon of hulle nog die RadioNet wil hê, en daar was genoegsame aanduiding dat daar besluit is om voort te gaan met die RadioNet. Daar is ook voorgeneem om met die nuwe eienaars te skakel en te hoor of daar voort gegaan kan word met die stelsel soos dit tans gebruik word.

Regsaangeleenthede:
Die voorsitter het vinnig na die regsaspekte ten opsigte van die projek gekyk.
- Die hofbevel wat BrunalyPark wetting in staat stel om die gebied toe te maak.
- Die ICASA lisensie vir die RadioNet
- Lidmaatskap ooreenkomste wat met elk van die lede gesluit is.
- Debiet orders vir die aftrek van die maandelikse bydraes.
- Die alarm monitering ooreenkoms
- Die nuwe skandeerder ooreenkoms waar skandeerders nou in gebruik geneem gaan word.
- Die kamera ooreenkoms waar die ingang/uitgang gemoniteer gaan word vir verdagte voertuie.

Statistiek:
Daar is gekyk na die misdaad statistiek in die gebied. Daar was 8 insidente waarvan 5 weens kabeldiefstal plaasgevind het. Slegs 1 van die insidente was 'n kontak misdaad waar 'n inwoner in sy huis aangeval en beroof is. Daar is ook verwys na hoe die misdaad gelyk het in 2002/3 en hoe die misdaad wel drasties verminder het weens die projek.

Skandeerders en verdere toegangsbeheer:
Die voorsitter het gepraat oor die skandeerder projek wat al vir jare op die tafel is, maar wat nog nie in werking gestel is nie. Die projek gaan binne die afsienbare toekoms in werking tree. Daar was aanvanklik teenkanting oor die moontlike ongerief wat dit kan veroorsaak vir nie-deelnemers, maar die gemeenskap het as geheel besluit dat die ongerief die sekuriteit voordeel regverdig.

Biogas:
Daar was 'n bespreking van die WNNR se voorgenome biogas projek. Die gemeenskap was dit eens dat ons van die konsep hou, maar dat ons voel die plek, om 'n biogas aanleg in 'n residensiële gebied te bou, is onaanvaarbaar. Daar is ook verwys na faktore soos:

- Die ontploffings risiko van so 'n aanleg
- Die lawaai wat die kragopwekkers tot gevolg kan hê.
- Die toename in vragmotors om al die organies materiaal aan te ry.
- Die peste en insekte wat saam met die organies voer saam kom.
- Die stank van die voer sowel as van die biogas wat gebrand word met die $H_2S$ wat deel is van die gas samestelling.

Die gemeenskap het die bestuur die mandaat gegee om voor te gaan om met die WNNR te skakel oor die projek en namens die gemeenskap op te tree in belang van die gemeenskap. Die gemeenskap staan die projek tee. Die direksie moet ook met aangrensiede gebiede soos Lynn de Grace en Lynnwood Manor skakel om as 'n enkel front teen die projek te staan.

Finansies:
Die vorige jaar was daar 'n hele aantal uitgawes, soos die oprig van nuwe waghuisies. Dit het tot gevolg dat die projek R37000.00 moes gebruik van sy kapitaal om die tekort te befonds.
Daar is ook 'n verhoging vanaf 1November wat die bedrag R635 maak per woning per maand. Eienaars word versoek om net 'n epos deur te stuur om die aanpassing van die bedrag te aanvaar vir die debietorders.

Nuwe Direksie:
Daar is 'n aantal nuwe direkteur gekies vir die projek wat bereid is om die jaar op die direksie te dien:

- Marcus Norden
- Harish Jhupsee
- Kobus Wolvaardt
- Alta Coetzee
- Chris Maritz
- Stephan Neubach
- Wim de Jong
- Alet Swart

Opsomming van besluit aanvaar:

- RadioNet moet aangaan, daar moet met die nuwe eienaars waar die herleier geleë is, geskakel word.
- Skandeerders/toegangskaarte word aanvaar en moet geïmplimenteer word.
- Die direksie het die mandaat om namens die gemeenskap te skakel met die WNNR oor die Biogas projek en dit verder te voer om die projek te probeer keer.
- Verhoging na R635/maand
- Nuwe direksie is verkies.